

UIT **DIE KONINGIN EN DIE REBELLE**

Deur
UGO BETTI

In Afrikaans vertaal deur Alewyn Lee

Amos die bevelvoerder van die rebelle in 'n klein dorpie teen die heuwel kom die lokaal binne waar Argia gevange gehou word. Hy stuur die wag weg en maak Argia wakker. Argia is 'n prostituut wat Amos as die koningin aansien.

AMOS:

Ek het gekom om jou mee te deel dat die vonnis nou-nou voltrek moet word. Ek moet jou ook sê dat jy alle hoop op redding kan laat vaar.

Maar dis nie al waarvoor ek gekom het nie. Inteendeel. Daar is 'n baie belangriker rede. Trouens, jy kan maar alles wat sover vanaand gebeur het, beskou as die blote aanhef tot wat ek jou nou wil vertel. Dink jy regtig die Rewolusie sou soveel tyd gegee het aan jou ligsinnighede vanaand as ons nie 'n duidelike doel in gedagte gehad het nie? Ek het gekom om jou te sê dat jy om begenadiging mag vra as jy wil. Jy sal vra? Mooi. Lyk my die koue nag het jou tot besinning gebring. Die begenadiging hang natuurlik van sekere voorwaardes af. Voor ek jou sê wat hulle is, wil ek graag hê jy moet presies besef wat met jou sal gebeur as sou die begenadiging geweier word.

Buite hierdie gebou is daar 'n klip verhoog. Daar bo-op, as jy hier sou uitgaan, sou jy ses gewapende soldate sien. Jy sou dan voor hulle gaan staan. Jy sou val. 'n Klein rukkie later sou die son weer skyn oor 'n heelal wat in alle opsigte soos gewoonlik is, behalwe dat jy nie daar sou wees nie. Dit is al.

Die voorwaardes is die ondertekening van 'n lys verklarings rakende die gebeurtenisse van die laaste paar jaar waarin jy sê dat jy erken dat jy saamgesweer het, ensovoorts, vreemde hulp teen jou land ontbied het, ensovoorts en waarin jy erken dat jy skuldig is aan onwettige optrede,

oneerbare gedrag ensovoorts. Daar sal ook van jou verwag word om ons sekere inligting te gee.

Hier is die papiere. Daar is nog een stukkie nuus wat ek vergeet het om jou te gee. Die vlug van jou medepligtiges was onsuksesvol. Ek bedoel dat jy nou alleen is. Maar dis jou geluk dat jy nog lewe. Probeer om aan die lewe te bly.

Ek het ook gekom om jou te vertel dat inderwaarheid niks verlore is so ver dit jou aan betref nie. Die rewolusie het belang daarby om jou aan die lewe te hou. Ek het jou al gesê dat jy ons sekere inligting sal moet gee, inligting wat jy alleen besit. Op daardie inligting sal ons handel. En die wêreld sal verplig wees om te besef dat dit jy was wat dit vir ons gegee het.

As jy wil hê ons moet 'n plan maak om jou te beskerm om jou uit hulle hande red moet jy vir ons die name van jou vriende gee. Ja! Jy ken hulle! Ek het dit gesien! Ek het dit daar gelees, in jou oë! Hulle het geglinster. Ek weet jy het dit daar tot jou beskikking binne in jou kop.

(Sy stem val tot 'n fluistering) Wie is hulle? Wie is hulle? Wat is hulle name? Gou, sê my hulle name. *(Pouse)* Jy ken geen name nie?

Jy ken hulle nie net nie. Jy het alreeds die wyse besluit geneem om hulle aan my te openbaar. Jy sal my ongetwyfeld 'n rukkie laat wag. Jy wil net omgepraat wees. Daardie mense het eenvoudig alles op een kaart verwed. In hulle algehele selfsugtigheid was hulle bereid om van jou gebruik te maak. Ken jy enigeen van hulle persoonlik of het jy 'n gevoel vir enigeen van hulle. Nee? *(Pouse)* Is dit dalk vir 'n politieke ideaal wat jy bereid is om jou op te offer.

Of miskien hou die gedagte aan jou goeie naam jou terug? Die gipsbeeldjie van jou aansien fyn en flenters? Mevrouw, moet jou tog nie steur aan holle gesegdes nie; volg die natuur wat die dood vrees en niks anders ken nie. Net só sal jy opreg wees en eerbaar.

Jy het baie min tyd oor, mevrou.

Jy bewe. Is dit die koue wat die dagbreek aankondig?

Dis mos die tegniek van trots, nie waar nie? Die tegniek van trots.

(Met skielike woede) Maar trots is nie vlees en bloed nie, mevrou! Die uitverkore skepsel se meerderwaardigheid waarmee jy dink jy kan ons selfs nou op 'n afstand hou! Maar dis nie jou vlees en bloed nie. Dis 'n dop! 'n Kors, dis al. Uit gewoonte gebore. Soos die eelte in die boer se hande. Maar jy het dit nie verdien deur te spit nie. Dit het na jou toe gekom van al die lae buigings en eerbetoen van 'n paleis óm jou, sedert die dag wat jy gebore is! Gee my daardie name! *(Pouse)* Standvastigheid, eer, oë wat nooit wegkyk nie, die tegniek van trots – ek sou graag wou weet wat daarvan sou oor wees as jy moes gebly het op party van die plekke waar ek al was en vir jou 'n eier oor 'n spiritusvlammetjie moes kook en 'n aand moes uitgaan in 'n vetterige jas met 'n mooi glimlag om die man by die melkery te probeer sag maak. Ja, ja ons oë kan nie kyk na mense soos jy nie! Selfs ons gedagtes hier binne in ons is 'n bietjie smerig en verslete en gekneus deur die gedrang van mense. Maar moenie jou verbeel dat hulle soveel van joune verskil nie. Lig die gordyn net so 'n bietjie. Kom aan, gee my die name! As ek jou pols so 'n bietjie omdraai, sal jy ook maar skree soos ons almal!! *(Pouse)*

U Majesteit, het u al ooit die klein wit maaierdjies in vrot vleis gesien? Hulle peul skielik uit en wriemel verskriklik. So klein as wat hulle is, wil hulle lewe, vreet, aanteel. Hulle doen presies wat ons doen, jy, elkeen, en op presies dieselfde manier. Neem mense se klere van hulle af en dis presies wat hulle sal wees. Almal nakend eenderse wurmpies wat maar voortgaan met hulle gekrul. En in plaas van soos gelykes te lê en krul, moet ons die wêreld vir een man hemel en vir die ander man hel op aarde maak? Klim af van jou bliktroon! Raak gewoond aan hierdie dinge. Laat jou eie drifte botvier en wees bang – dis jou manier van krul. Gee my daardie name! Kom aan! Die name! *(Lang pouse)*

Moet ek nou aanneem dat die beteken, dat jy nog weier?

In daardie geval is die stryd tussen ons oor. Al wat oorbly, is om te voltooi wat begin is. (*Hy gaan uit*)

---ooOoo---

(Hierdie teks is verkrygbaar by Dalro)